Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 7 April 1948 No. 19

## Republikanisme

**Die tweede artikel in ons reeks oor republikanisme verskyn op bladsy sewe. Daarin word met voorbeelde aangetoon hoe die Britse imperialisme nog konsekwent op die behoud en uitbuiting van sy Ryksbesittings volhard, maar in plaas van dwang gebruik maak van sielkundige middele om die bande nouer te trek. Veral uitlatings van Churchill en Smuts word as voorbeelde aangehaal.**

# Bloemfontein Stel Voorbeeld Van Samewerking

**Wat vermag kan word wanneer Afrikaners van alle groepe soos een man 'n front vorm, is weereens bewys deur die glansryke oorwinning wat voorverlede week deur die Aksiekomitee van Bloemfontein met die stadsverkiesing behaal is. Vyf Afrikanerkandidate, van wie nie gevra is of hulle O.B., H.N.P. of wat ook al is nie, is in die veld gestoot teen vyf kandidate van die Engelsgeoriënteerde Civic League, en al vyf het die oorwinning behaal met 'n gemiddelde meerderheid van byna 1,000 stemme.**

In hierdie stryd het die Afrikaners as Afrikaners saamgewerk, en daar is nie gediskrimineer teen ander groepe soos die Ossewabrandwag nie.

Die vyf kandidate wat die oorwinning behaal het, is mnr. J. G. Benade, dr. Andries Havenga, mnre. J. H. Pretorius, J. W. du Plessis en mev. Anna Enslin. Hul oorwinning stel die Afrikaners van die ou Republikeinse Hoofstad in staat om die stad vir twee jaar lank te regeer met 'n meerderheid van sewe teen vyf.

### EERSTE OORWINNING

Nadat Bloemfontein sedert Unie onafgebroke deur 'n Engelse meerderheid in die raad — soms tot 100 persent — oorheers is, het die Afrikaners hul kragte in 1944 verenig, en vier Afrikaners in die raad gestoot. Die volgende jaar het alle groepe weereens saamgewerk, en is die meerderheid vir die eerste maal deur die Afrikaners behaal. Sedertdien het daar weer agteruitgang ingetree toe Afrikaanse setels verloor is, hoofsaaklik weens onderlinge politieke wrywing. In die jongste verkiesing, egter, het alle groepe weereensgesind saamgewerk, met die onmiskenbare resultaat.

# Partye Geen Produk Van S.A.: Professor Se Mening In 1928

**„Ek kom al meer en meer tot die oortuiging dat ons die partye 'n tyd lank, of miskien heeltemal moet laat staan. Is 'n party werklik nodig? Is dit nie 'n geskiedkundige feit dat ons geen definitiewe partye voor die strooptog (Jameson-strooptog) gehad het nie? Voor daardie tyd het ons net die Bond gehad waarvan die eintlike doel was om die Afrikaanssprekendes 'n plek in die son te gee. Maar onder Hofmeyr (Onse Jan) was dit werklik geen party nie, en dit het saam gewerk met enigeen wat reggesind was op die bepaalde tydstip". So lui 'n brief wat prof. H. E. S. Fremantle reeds twintig jaar gelede aan 'n vriend in Suid-Afrika vanuit Engeland geskryf het. Prof. Freemantle was die stigtingsleier van die Nasionale Party in Kaapland.**

„Sedert 1895 is ons verdeel oor die rasse-vraagstuk. Wat het daar oorgebly na die Londense deklarasie en nou na die vlagkwessie opgelos is? Albei is sonder teenstand aangeneem. Die Burger en dr. Malan sê dat ons ons by die ooreenkoms moet hou. Maar daar is geen skeidslyn as daar geen opposisie is nie. Is dit nie 'n duidelike bewys dat ons absoluut geen rede het vir 'n party nie?

„Ek vind dieselfde hier in Londen. Vir jare aaneen was die verskillende partye verdeeld oor die oplossing van die vraagstuk hoe Engeland en Ierland regeer moet word; of het mekaar beveg oor die buitelandse beleid. Maar wat het daarvan oorgebly? Niks. En die Arbeidersparty het die vlag van sosialisme neergehaal en dit uit hul program van beginsels geneem, hoewel die Arbeidersparty in Suid-Afrika net die teenoorgestelde gedoen het.

### BESTE BREIN UITGESLUIT

„As daar dan geen rede is vir die bestaan van party nie, dan is daar wel baie daarteen. Dit beteken minderwaardige beoordeling en geknoei en dat die beste brein uitgesluit word.

„Kan ons nie 'n stelsel soos dié van sommige groot munisipaliteite invoer waar die beste mense verkies word en hulle hul breinkrag gesamentlik inspan en in staande komitees verdeel word waar elke onderwerp deeglik uitgepluis word nie? Na alles het julle nog nooit partye op jul eie uitgedink nie en ons het dit alleen in die tyd van die Stuarts gedoen. Koning Charles is nou dood. Dit is 'n fout om te veronderstel dat die Parlement partyskap moet beteken nie. Dit is nie so nie.

### ENGELSE RYP

„Ek dink ons Engelse is (vervolg in volgende kolom.)

(vervolg van vorige kolom.)

nou min of meer ryp vir soiets. Die Afrikaanssprekendes is nie. Hulle sal niemand anders verkies as kliphardе Nasionaliste wat vertrou kan word dat hulle sal stem soos hul leiers sê nie. Dit is natuurlik, aangesien die Afrikaners hul self so baie jare die onderdruktes beskou het. Maar as daar nie iets ernstigs gebeur nie, is ek geneig om die saak met die Engelse uit te toets as ek weer in die parlement is."

## Kommandant-Generaal Op Klerksdorp

***Die K.G., dr. Hans van Rensburg, spreek op Saterdag, 17 April om 7.30 n.m. 'n openbare vergadering toe in die Boeresaal, Klerksdorp.***

## ONHEILSPELLEND?



**Kort voor Stalin se versoek aan Finland om 'n verdrag van onderlinge militêre hulpverlening met Rusland te sluit, het Tokarjev, nuwe Russiese militêre attaché (links) in Finland aangekom. As die getuienis van voormalige kommuniste aanvaar word, naamlik dat elke buitelandse verteenwoordiger van die Sowjet 'n spesiale opdrag vervul in belang van die rooi revolusie — meestal by wyse van spioenasie — voorspel hierdie nuwe militêre verteenwoordiging vir Finland niks anders as onheil nie.**

## Nog 'n Kolonie Wil Wegbreek Van Brittanje

**New Foundland, die oudste Britse kolonie, naby die kus van Amerika, is van voorneme of hom los te maak van Brittanje, volgens 'n berig in die Engelse pers. Die inwoners van New Foundland sal tydens Junie oor die saak stem. Die land wil hom liewers ekonomies by Amerika inskakel omdat hy dan 'n groter afsetgebied vir sy vis sal hê. Daardeur hoop hy ook om die nodige kapitaal van die V.S.A. te trek wat nodig is vir die ontwikkeling van die land.**

## K.G. Huldig Genl. Hertzog

**Die fondament vir die verhouding tussen die twee blanke volksgroepe en die verhouding tussen die blanke en nie-blanke groepe in Suid-Afrika, is deur genl. Hertzog gelê, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede Vrydagaand in Johannesburg verklaar by geleentheid van 'n groot huldigingsfees ter herdenking van wyle genl. J. B. M. Hertzog. Die K.G. was die hoofspreker, terwyl prof. Abel Coetzee as voorsitter opgetree het.**

**„Toekomstige leiers kan slegs op die pad wat genl. Hertzog aangedui het, voortbou. Jy kan die pad van Suid-Afrika nie skei van die pad van genl. Hertzog nie; dit is een en dieselfde pad," het die K.G. verklaar. Genl. Hertzog het ook die pad aangedui vir ons verhouding met die buitelande.**

## Finse Lot Nog In Weegskaal

Onderhandelings tussen Finland en Rusland oor 'n militêre verdrag het aan die begin van die week nog geen beslag kon kry nie. Rusland eis dat hy die reg moet hê om te bepaal wanneer Finland se veiligheid bedreig word, terwyl laasgenoemde hierdie vanselfsprekende reg vir homself voorbehou.

Intussen word berig dat die Kommunistiese Party in Finland besig is om sy kragte te monster met die oog op drukuitoefening op die kabinet en parlement indien die aanvaarding van die Russiese voorstelle nie vlot genoeg geskied nie. Onder andere sou die plan wees om met uitgebreide vervoerstakings druk uit te oefen.

# Stiefmoederlike Behandeling Van Dominiums deur Engeland

**Die Britse regering het sy Oos-Afrikaanse kolonies opdrag gegee om aan Wes-Europese lande wat in die oorlog betrokke was, handelsvoorkeur te verleen bo die dominiums, volgens 'n verklaring van die voormalige Australiese eerste minister, sir Earle Page, wat 'n beroep op die dominiums gedoen het om 'n gesamentlike protes aan die Britse regering te rig.**

**Hierdie nuwe beleid van Brittanje word in verband gebring met die onlangs gestigte Europese blok wat onderlinge ekonomiese en militêre hulp aan mekaar beloof het, en waarop Brittanje tans aanleun vir sy eie beveiliging.**

**Dit is duidelik dat Brittanje, soos nog altyd tevore, nie 'n bloue duit omgee vir die welvaart van die dominiums nie, maar hulle bloot gebruik as instrumente tot sy eie voordeel. Hy suig uit hulle alle ekonomiese en militêre hulp wat hy kan, maar as dit hom pas, plaas hy 'n verbod op hul uitvoere na sy kolonies, en as Europese hulp vir hom op die oomblik meer noodsaaklik lyk, diskrimineer hy teen sy dominiums ten bate van Europese lande. Hy weet dat die hinderlike lojaliteit van sy dominiums in elk geval bestand is teen miskenning.**

## Petrol Duurder

Terwyl die regering aangekondig het dat hy alles in sy vermoë wil doen om die lewenskoste omlaag te dwing, is bekend gemaak dat die prys van petrol met twee pennies weer verhoog is. Dit is die tweede verhoging sedert April verlede jaar.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Verkiesings Los Probleme Nie Op

**„Ek wil die kommandant en sy ywerige offisiere gelukwens met hierdie eerste funksie. Dit staan in die teken van die lewenskrag van die O.B.," het genl. W. R. Laubscher verlede Saterdagaand op Brackenfel verklaar. Die Brackenfel-kommando is die jongste in die Skiereiland, het hy gesê. Dit is nog maar kort gelede afgestig van die Bellville-kommando en hierdie funksie is die eerste teken van lewe by die jong kommando. As na die vol tafels geoordeel moet word, verdien veral die werkywer van die vroue alle lof.**

Genl. Laubscher het as spreker opgetree by geleentheid van 'n braaivleisaand en verkoping wat deur die kommando onder leiding van komdt. Sarel Maree gereël was. Tussen 100 en 150 mense het om die vure onder die bome vergader en die mooi bedrag van £30 is ingesamel. Komdt. Maree het die verrigtinge gelei.

Genl. Laubscher het verklaar dat die partye en die O.B. se benadering van die komende verkiesing heeltemal verskillend is. Vir die politieke partye is die verkiesing die geleentheid om vyf jaar se opgehoopte probleme voor die volk te gooi (meestal wesentlike en bestaande probleme); met pamflette, in koerante, en deur sprekers basuin elke party dit uit dat hy en hy alleen die oplosser van probleme is; elke party klop vyandskap op teen die teenparty deur voor te gee dat die volk se voortbestaan of ondergang afhanklik is van die nederlaag of oorwinning van die teenparty.

Die Ossewabrandwag staan nugterder teenoor die verkiesing. Vir ons is dit maar net nog 'n partyverkiesing, soortgelyk aan die tientalle wat dit reeds voorafgegaan het. **Van probleme sal ons tydens die verkiesing baie hoor, maar van die oplossing van probleme sal ons na die verkiesing niks hoor nie.**

### 20 JAAR GELEDE

**Genl. Laubscher het gesê dat ons 20 jaar gelede ook 'n verkiesing oor die kleurvraagstuk geveg het; moontlik sal ons oor nog 20 jaar nog een veg. In die tussentyd sal ons die kleurprobleem maar gedurig by ons hê.**

Die O.B. staan vir die herskepping van die bestaande stelsel en sy instellings die partywese en die parlementarisme. Ons is klaar met party verkiesings, waar een seksie van die volk teen 'n ander seksie veg oor 'n probleem. Ons wil die beroepstaat hê waarin die hele volk kan veg teen 'n probleem.

### BRAKPAN

Generaal Laubscher het verwys na die H.N.P.-leiding se optrede op Brakpan waar die kandidatuur van 'n goeie Afrikaner, John Vorster, wat bereid is om sy deel in 'n volksverkiesing te doen, deur die H.N.P.-leiding geveto is, net omdat hy ook O.B.-lid is (uitroepe van skande). Omdat hy O.B.-lid is word hierdie Afrikaner deur die H.N.P. afgestoot **Die H.N.P.-leiding wil liewer 'n partyverkiesing verloor as om 'n volksverkiesing, met inskakeling van alle volkskragte te wen.**

Met die Empire kan ek nie saamwerk nie, het genl. Laubscher gesê. Met my mede-Afrikaner kan en wil ek saamwerk. Maar dan kom ek soos ek is — met volle behoud van my O.B.-skap. My O.B.-skap is nie 'n oorkleed wat ek kan afwerp na willekeur nie. **Dit is deel van my lewensbeskouing. Wie my steun wil hê — by 'n stembus of waar ookal — moet my vat soos ek is — O.B. en al. Wie my nie so wil vat nie kry my glad nie.**


## DIE KOPERSBOND BPK.

GROOTHANDELAARS

**KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD**

**FOON 3-0423** **POSBUS 2120**

***DAMESROKSTOWWE:***

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

***HEMDE:***

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

●

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

## Verspreiders van TOOTAL fabrikate


# GEVOLGE VAN BRAKPANSE GEBEURTENIS

Gedurende die afgelope paar weke het die H.N.P.-leiding onverwagte en skokkende bewys gelewer van die party se volgehoue en onversoenlike vyandskap teen die Ossewabrandwag. Dat die H.N.P. die vooraand van die algemene verkiesing uitkies om opnuut sy kwaadwilligheid

**Politiek in Oënskou deur Waarnemer**

teenoor die Ossewabrandwag te beklemtoon dien as onteenseglike bewys dat die H.N.P.-leiding se haat teen die Ossewabrandwag groter is as sy pligsbesef teenoor die Afrikanervolk. Die H.N.P. wil blykbaar liewer die verkiesing verloor as om dit te wen met die erkende hulp van die Ossewabrandwag.

Hierdie houding van die H.N.P.-leiding is vir my totaal onbegryplik. Die enigste moontlike gevolg daarvan, wat ek kan voorsien, is 'n verkiesingsnederlaag vir die H.N.P. Dit is tog immers onmoontlik om te verwag dat 'n eerbare man en 'n eerbare vrou, wat opreg glo aan die beginsels van die O.B., en wat verlang dat die beweging sal voortbestaan, onder sulke omstandighede sal gaan stem vir die kandidate van die H.N.P.

### KONGRES-BESLUIT

**Op die kongres van die H.N.P. wat verlede September op De Aar gehou was, is, op voorstel van dr. Malan, besluit dat H.N.P.-lede by 'n verkiesing belet sal word om te stem vir 'n Afrikaner-kandidaat wat o.a. ook lid is van die Ossewabrandwag. Hierdie besluit maak die H.N.P. nou voorwaarde vir sy samewerking met die Afrikanerparty.** Die toets het gekom op Brakpan, waar die Afrikanerparty vir adv. John Vorster, hoofbestuurslid van die A.P. en ook lid van die O.B., wou staanmaak as sy kandidaat. Die H.N.P.-leiding het geweier om sy steun aan die kandidaat van sy bondgenoot-party te gee — omdat daardie kandidaat ook O.B.-lid is. Mnr. Havenga het blykbaar moes kies: òf hy moes die ooreenkoms tussen die party opsê; òf hy moes Vorster as kandidaat prysgee en sodoende die H.N.P. toelaat om hul vyandskap teen die O.B. prakties uit te leef. Oënskynlik het mnr. Havenga laasgenoemde weg gekies.

### WAT SAL O.B.'s DOEN?

Maar die belangrike vraag is: **Sal O.B.-lede genoeë neem met hierdie H.N.P.-optrede? As H.N.P.-lede deur hul leiding belet word om vir 'n A.P.-kandidaat te stem wat ook O.B.-lid is, sal O.B.-lede gewillig wees om vir H.N.P.-kandidate te stem? Ek glo nie.**

Onder hierdie uittartende omstandighede het die O.B.-leiding 'n beheersing openbaar wat verbasend is. Al wat die leier van die O.B. dusver gesê het is dat dit lyk asof die H.N.P.-leiding gretiger is om O.B.-lede uit die Parlement te hou as Smutsmanne. Maar hoe lank sal die H.N.P. die voordeel van hierdie beheersing kan bly geniet? Sal die druk uit O.B.-geledere nie die leiding dwing om 'n besliste halt te roep aan die H.N.P. se uitdagende vyandskap teen die Ossewabrandwag nie?

### ONBEWUS?

Die vraag kan gestel word of dr. Malan dan onbewus was van die feit dat O.B.-lede by die Afrikanerparty — met wie hy 'n ooreenkoms het — aansluit? As antwoord moet mnr. Havenga se aanvullende verklaring dien, wat gemaak was tydens die bekendmaking van die ooreenkoms tussen die twee partye en wat lui dat O.B.-lede met behoud van hul non-partypolitieke identiteit by die A.P. kan aansluit. **Dr. Malan het dus van die begin af geweet dat O.B.-lede by die A.P. aansluit.** Trouens hy het op Piketberg van mnr. Havenga die versekering gevra dat sodanige lede die ooreenkoms sal nakom deur vir H.N.P.-kandidate te stem. Mnr. Havenga het op Memel die waarborg gegee deur te verklaar dat O.B.-lede net sulke goeie Afrikaners is soos hyself en dr. Malan. Daarna het dr. Malan geswyg.

### WAARBORGE

Dr. Malan het waarborge van mnr. Havenga gevra — en gekry — dat O.B.-lede wat ook A.P.-lede is hulle pligte tydens die verkiesing sal nakom. **Watter reg het dr. Malan dan nou om daardie lede hulle regte as A.P.-lede te ontneem deur hulle van A.P.-kandidaatskap uit te sluit? En as dr. Malan die O.B.-lid wat ook A.P.-lid is sy partyregte ontneem op watter grond kan hy op stemdag van sodanige lede eis om hul partypligte na te kom? Wil dr. Malan dan inderdaad nie die steun van O.B.-lede hê nie?**

Waarvoor veg dr. Malan en sy leiers-in-rade hierdie verkiesing? Vir die behoud van blank Suid-Afrika of vir die bewindsaanvaarding van die Herenigde Nasionale Party? **Indien eersgenoemde, waarom word 'n Afrikaner soos John Vorster, wat terwille van blank Suid-Afrika en vanweë sy verset teen die regering se oorlogsdoenery met die bolsjewiste, drie jaar in 'n interneringskamp gelê het, dan nie as kandidaat in die stryd vir die behoud van blank Suid-Afrika aanvaar nie?** Indien vir laasgenoemde word dit duidelik waarom die H.N.P. wat gedurende die oorlogsjare Afrikaners met behulp van skakelstories en binnekring-onthullings in die interneringskamp gehelp het, nou vir sulke Afrikaners skrikkerig is.

### PARTYVERKIESING?

Dit is duidelik dat dr. Malan en die H.N.P. 'n blote partyverkiesing gaan voer: van 'n volksverkiesing waarby alle volkskragte betrek word is daar geen sprake nie.

Die feit dat die H.N.P.-leiding weier om O.B.-lede as volwaardige bondgenote in die komende verkiesingstryd te aanvaar gee die leuen aan die H.N.P.-bewering dat hulle die verkiesing gaan veg vir die behoud van blank Suid-Afrika. Eerder onderstreep dit dr. Malan se Pretoria-verklaring dat hy, net soos die Nasionale Party in 1929, die kleurvraagstuk weer in 1948 gaan gebruik om die verkiesing vir sy party te wen.

Die houding van die amptelike opposisie staan in felle kontras met die optrede van die regering. **Waar dr. Malan uit sy pad gaan om vyandskap met mede-nasionaalgesindes te beklemtoon en sodoende 'n nasionale front te verongeluk, daar gaan veldm. Smuts uit sy pad uit om 'n anti-nasionale front te skep en om alle moontlike kragte teen die nasionaalgesindes te mobiliseer.**

As veldm. Smuts hierdie verkiesing wen sal hy sy oorwinning te danke hê aan die volgehoue vyandskap van die H.N.P.-leiding teen hul mede-Afrikaners.

(vervolg van bladsy 3.)

self mee te verdedig, het duidelik getoon dat hy agteruitskiet en nie na vore soos ander wapens nie".

Hy verklaar voorts: „Die sifting van die Beweging, om die kaf te skei van die korrels en die wegdoen met ongewenste elemente het voortgegaan tot so 'n mate dat die getal vandag met die helfte verminder het. Maar u weet self wat die gewigsverhouding tussen kaf en korrels is."

Die afdeling waaroor genl. Gibson bevel voer, is nog steeds lewendig en ywerig. Elke jaar laat hulle die vryheidsvlam hoog laai en staan met hart en siel agter die leiding van die K.G.

**„Die O.B. se ideologie het posgevat. Binne afsienbare tyd sal ons daardie wapen wat agteruitskiet met dank aan die Brit teruggee," verklaar genl. Gibson.**

# HARRISMITH BESIEL MET NUWE GEESDRIF

**Nieteenstaande die koue en nat weer het die Brandwagte van Harrismith op 20 Maart na die stadsaal opgekom om na hfkomdt. Vale Ferreira, wat die Vrystaat organiseer, te luister.**



Hfkomdt. Vale Ferreira

Ons was almal nuuskierig om te sien hoe 'n man lyk wat nie sy eed verbreek het nie en bereid was om sy hoogste offer vir sy volk en beginsels te betaal. Ons was nie teleurgestel nie. Ons nuuskierigheid is nie net bevredig nie, maar ons is so besiel deur sy geesdrif. Ons sal die K.G. vol vertroue deur dik en dun volg. Die aanwesigheid van ons wakker generaal en offisiere sowel as oud-offisiere het ons opnuut laat voel dat daar net in die O.B. so 'n band van hegte broederskap en kameraadskap kan bestaan wat nooit gebreek sal word nie.

Ons gaan die toekoms vol moed tegemoet.—(Kor.)

## DIE O.B.-LEIERS:

# Hoofgeneraal George Gibson Loop Weg Om Te Gaan Rebelleer

*In die dae toe die vervolging van die Ossewabrandwag hoogty gevier het en een na die ander leidende figuur in die O.B. in die pan gehak is, is ook hoofgeneraal George Gibson van Naboomspruit deur die politieke speurdiens aangekeer. Hy het egter na 'n verhoor van drie uur voor die tronkdeur omgedraai met die waarskuwing om voortaan nie meer 'n goeie Afrikaner te wees nie.*

Genl. Gibson wat vol geesdrif is vir die saak van die Ossewabrandwag, is op 31 Maart 1896 in die dorpie Senekal in die Vrystaat gebore en het vroeg reeds kennis gemaak met wat Britse heerskappy beteken. Sy vader wat lid was van die Winburg-kommando het in 1900 gesneuwel terwyl hy, sy moeder, susters en broer in die Konsentrasiekamp gestop is. Hier het hy sy enigste broer verloor.


Na die oorlog het die hele familie na die Paarl verhuis vanwaar sy moeder oorspronklik afkomstig was. Hier het hy geleentheid gehad om vanaf 1906 tot 1914 die Gymnasium te besoek.

Pas was hy in matriek, of die Rebellie breek uit. Hy en 'n maat besluit toe om stilletjies te verdwyn en by genls. De Wet, Beyers en Maritz te gaan aansluit om so die magte teen die aartsvyand van die Afrikaner te versterk. Hulle slaag dan ook daarin om in Oktober 1914 soos groot spelde uit die Paarl te verdwyn. **Onervare en platsak, maar besiel met die ideaal om De Wet te gaan bystaan, en as dit nodig is die Vryheidsoffer te betaal, bereik hulle na ses weke te voet en met ander hulpmiddels 'n oom van genl. Gibson in die distrik van Winburg waar hulle gehoop het om perde in die hande te kry.**

### SLEGTE NUUS

Tot hul teleurstelling tref hulle hul oom ernstig siek in die bed aan en moes uitvind dat al sy perde behalwe een weggeneem is. Vasberade om oorlog toe te gaan, het hy en sy maat dadelik begin perde leer.

Intussen het slegte nuus hulle bereik van die slag by Mushroom Valley en dat genl. De Wet op pad is na Duits-Wes. Om nou by die hoof-rebellekommando aan te sluit, sou voorwaar 'n kuns wees. Hulle het in elk geval volhard en so hard probeer dat hulle in die Kompong te Kimberley beland het waar hulle aangehou is. Hier het hy en sy maat van mekaar af geraak en na drie weke in die Kafferkamp, is genl. Gibson en 'n paar ander penkoppe losgelaat en hy moes onverrigter sake na die Paarl terugkeer waar hy in Mei 1915 aangeland het. Later het hy sy skoolloopbaan in Franschhoek voltooi.



Hfkomdt. George Gibson

Genl. Gibson se hart was maar altyd in die boerdery en daarom het hy vier jaar lank by 'n oom in die Vrystaat die geheim van hoe om te boer, gaan leer. Hier het hy opgetree as sekretaris van die Nasionale Party saam met wyle oom Piet Steyn as voorsitter, 'n broer van die Vrystaatse President.

### BOER

In 1920 het hy 'n betrekking aanvaar as bestuurder van sewe plase behorende aan die „Transvaal Consolidated Land and Exploration Co." Intussen is hy ook getroud met mej. Josophine Jooste van Heidelberg, Tvl. Hulle het vandag vyf kinders.

Genl. Gibson het egter na selfstandigheid gestreef en 1924 het hy vir hom die plaas Rotterdam in die distrik van Naboomspruit gehuur. Vandag is dit sy eiendom. Hy het die plaas omgeskep van 'n wildernis tot een van die puikste plase in daardie geweste.

Genl. Gibson neem ook lewendig deel aan die openbare- en sakelewe. Hy was vir twaalf jaar lank direkteur van die plaaslike Grondbone-Koöperasie en het ook baie jare lank op die skoolkomitee, Weëraad, R.D.B.-taksbestuur en Dingaansfeeskommissie gedien.

### NAGTELIKE VERGADERING

Persoonlik het hy 'n groot rol gespeel in die stigting van die N.G.-gemeente op Naboomspruit en is sedertdien nog altyd ouderling en scriba-kassier van die Kerk.

In die begin van 1940 het die mense in daardie geweste eers van die O.B. begin hoor. Genl. Gibson was die ene belangstelling en na maandelange pogings om met die O.B. kontak te maak, het hy daarin geslaag deur middel van ds. G. van Naboomspruit. Dié het hom voorsien van wagwoorde en dieselfde aand het hy 'n afstand van 73 myl afgelê om 'n O.B.-vergadering by te woon. Die nagtelike byeenkoms is in 'n bosplaat naby Roedtan en die Muftiofedes-Tin-myn gehou.

Toe hy van die vergadering verneem was daar slegs 1½ uur oor om dit betyds te bereik. Hy het dit egter gehaal en twee uur die nag is hy ingesweer as lid van die Ossewabrandwag en volbloed assistent-veldkornet.

Na verloop van drie maande kon hy spog met 554 opbetaalde O.B.-lede. Hierna is hy bevorder tot veldkornet.

### SPEURDERS

„Dit was blykbaar die teken vir die speurdiens om besonder belang te begin stel in my bewegings", vertel genl. Gibson. „Ek weet ook nie wat hulle wys geword het uit hul nagtelikte snuffeltogte in my kafferstatte nie."

**Sedert 1941 het sy afdeling verskillende kampe bygewoon en deeglik kennis gemaak met die nasietrots, fierheid broederskap, saamhorigheid en die sug na vryheid van die Ossewabrandwag. Ses van sy manskappe is intussen geïnterneer en genl. Gibson is self aangekeer.**

„Na 'n verhoor wat drie uur geduur het voor 'n magistraat —terloops 'n goeie vriend van my— is ek huistoe gestuur met die waarskuwing om nie langer 'n Afrikaner te wees nie. Asof ek mag besit het om Gods werk ongedaan te maak. God het my nie net 'n Afrikaner gemaak nie, maar ook Ossewabrandwag," verklaar genl. Gibson met geesdrif. Genl. Gibson was toe reeds kommandant en is in 1946 bevorder tot hoofgeneraal.

### PARTYSTELSEL

Oor die partystelsel laat genl. Gibson hom as volg uit: „Die partystelsel, die wapen wat die Brit in die hand van die Boer gegee het om hom-

(vervolg op bladsy 2.)

# K.G. Neem Afskeid Van Pretoria

**„Pretoria sal altyd die middelpunt van die Ossewabrandwag bly, nie omdat dit die administratiewe hoofstad van die Unie is nie, maar omdat die Sentrale Gevangenis daar is", het die K.G., dr. Hans van Rensburg op Rooiwal naby Pretoria verklaar toe die brandwagte van die Hoofstad van hom en mev. Van Rensburg afskeid geneem het.**

Dr. Van Rensburg verhuis tans na Graafeiland, naby Parys, nadat hy sy plaas in die distrik van Pretoria van die hand gesit het.

Die funksie is deur die O.B.-vroue gereël en in weerwil van die onplesierige weer en reën was daar 'n groot aantal persone aanwesig. By hierdie geleentheid het die K.G. en mev. Van Rensburg ook hul 23e huweliksdag herdenk.

Genl. John Vorster van Brakpan en Gebiedsgenl. H. M. van der Westhuizen het as sprekers by hierdie geleentheid opgetree.

Dr. Van Rensburg het verklaar dat hy geen ander trou ken as die aan die Ossewabrandwag nie en dat sy dienste altyd beskikbaar sal wees. Hy het ook hulde gebring aan die O.B.-vroue van Pretoria wat 'n groot aandeel gehad het in die opbou van die Noodhulpfonds.

Die K.G. en mev. van Rensburg verhuis op 24 April na hul nuwe tuiste.

Die Ossewabrandwag van omliggende plekke tref reëlings om die K.G. en mev. Van Rensburg formeel die dag te ontvang op Rensburgsdrif, waar mnr. en mev. J. P. Burger as gasheer en gasvrou sal optree. Besoekers word gevra om iets saam te bring ter aanvulling van die kommissariaat, asook veldstoeltjies, borde, bekers, messe en vurke. — (Kor.).

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

HIERDIE FEIT IS BEWYS DEUR ONLANGSE UNIE-OPNAMES DEUR ONAFHANKLIKE NAVORSINGSORGANISASIES

U/S.333.

EXCELSIOR Meubels BPK.

*Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.*

MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL

Besoek ons te:

JOHANNESBURG - - - - Pleinstraat 40
PRETORIA - H/v Andries- en Pretoriusstrate
KAAPSTAD - - - - - - Pleinstraat 47/49
BLOEMFONTEIN - - St. Andrewstraat 123
KROONSTAD - - - - - - Cross-straat 42
VEREENIGING - - - - - Marklaan 17C
POTCHEFSTROOM - - - - Kerkstraat 108
FICKSBURG - - - - - - - - Markplein

In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.



Excelsior Meubels Beperk,
Posbus 6670, Johannesburg
Stuur Gratis Katalogus
Naam ..............................
Adres ..............................
..............................
..............................
OB

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

DIE O.B., WOENSDAG, 7 APRIL 1948

# VRAE AAN DR. MALAN

Die gebeurtenis in Brakpan het die soeklig op die Ossewabrandwag se aandeel in die verkiesing laat val. Daar sal diegene wees wat sal wil beweer dat die O.B. probeer het om 'n kandidaat gestel te kry deur gebruikmaking van die Afrikanerparty. Dit is daarom nodig om die O.B. se verhouding tot die partye en die verkiesing duidelik te stel.

In die eerste plaas kan verklaar word dat die O.B. geensins aangedring het op die stelling van O.B.-lede as kandidate in een of meer kiesafdelings nie. Ons het mnr. Havenga se versekering dat O.B.-lede binne sy party welkom is met behoud van identiteit nie in twyfel getrek deur aan te dring op 'n openlike manifestasie van goeie trou by wyse van kandidature nie. **Ook sou van O.B.-kant geen eksepsie geneem gewees het indien geen O.B.-lid êrens as kandidaat benoem was nie.** Ons het uitgegaan van die standpunt dat die beste man as kandidaat gestel moes word in elke kiesafdeling. **In Brakpan het die nasionale kiesers besluit dat adv. John Vorster die beste man is, en sowel die A.P.-bestuur as die plaaslike H.N.P. aldaar het aangedring op sy kandidatuur.** Maar adv. Vorster mog as beste kandidaat nie staan nie omdat hy ook lid van die O.B. was, volgens besluit van die H.N.P.-leiding. Daarmee het daar 'n beginsel op die spel gekom, en dit is daarom te verstaan dat O.B.-lede dwarsdeur die land in beroering gekom het.

**Die H.N.P.-leiding het hiermee naamlik te kenne gegee dat hy bereid is om 'n setel te verloor liewer as dat 'n goeie Afrikaner wat ook lid van die O.B. is, die setel vir die Afrikanerdom wen.**

## LIEWER SAP AS O.B.

**Met ander woorde die H.N.P.-leiding, en by name dr. Malan, sien liewer dat 'n Sap in die parlement instap as 'n O.B., en daarmee is die vraag van die K.G. op Stellenbosch of dr. Malan meer besorgd is om O.B.'s uit die parlement te hou as Sappe, geregverdig.**

Dr. Malan het hiermee nog 'n veel gevaarliker houding geopenbaar. In November 1946, dus vóór die A.P.-H.N.P.-ooreenkoms, is op die A.P.-kongres in Bloemfontein op 'n vraag van sen. Raubenheimer namens die A.P.-leiding geantwoord dat 'n O.B.-lid sonder voorbehoud by die Afrikanerparty kan aansluit. Dr. Malan het dit geweet toe hy die ooreenkoms met mnr. Havenga aangegaan het, **maar hy het dit nie 'n saak van skeuring gemaak nie.** Later, toe O.B.'s by hul duisende by die A.P. begin aansluit om te kan deelneem aan die parlementêre stryd, het hy wel op Piketberg 'n waarborg geëis dat O.B.-lede binne die A.P. vir H.N.P.-kandidate sal stem. Hierop het mnr. Havenga kort daarna te Memel geantwoord met die volgende verklaring:

**„Lede van die Ossewabrandwag is net sulke goeie Afrikaners soos dr. Malan en ekself,"** en daaraan toegevoeg dat hy oortuig is dat elke O.B.-lid in die party voornemens is om die ooreenkoms na te kom.

Hierop het dr. Malan nie geantwoord nie en in sy toespraak op 4 Desember te Porterville het hy oënskynlik hierdie versekering aanvaar, **en het hy 'n beroep op O.B.-lede gedoen om „as Afrikaners te handel".**

## WEIER SY STEUN

Maar wat gebeur toe? **Kort voor die verkiesing kom dr. Malan en weier sy steun aan 'n A.P.-hoofbestuurslid op grond van sy lidmaatskap aan die O.B. Dr. Malan dreig dat hy die ooreenkoms met mnr. Havenga liewer sal laat skipbreuk ly — en daarmee die verkiesing verloor — voordat hy adv. Vorster** se kandidatuur goedkeur, en **Die Transvaler** sê in 'n hoofartikel dat mnr. Havenga in Brakpan óf 'n **„geskikte kandidaat" moet benoem óf die setel val terug na die H.N.P.** Die gevolg was dat mnr. Havenga, luidens persberigte, afgesien het van Brakpan as 'n A.P.-setel omdat hy dit nie met 'n tweede beste man wil betwis as hy nie sy eerste keuse kan kry nie. Of dit so is of nie, maak geen verskil aan die saak nie.

**Dit beteken eenvoudig dat dr. Malan geweier het om vir 'n A.P.-kandidaat in Brakpan te stem, indien daardie kandidaat 'n O.B.-lid is, d.w.s. iemand van wie dr. Malan verwag dat hy in Brakpan „as Afrikaner (sal) handel" deur vir 'n H.N.P.-kandidaat te stem indien Brakpan 'n H.N.P.-setel sou wees of dit, luidens berigte, nou weer gaan word.** En daarmee het dr. Malan te kenne gegee dat hy wel van O.B.-lede verwag om vir die H.N.P. te stem terwille van die **„donker toekoms", maar dat hy van sy kant weier om vir 'n goeie Afrikaner te stem as hy nie van hom hou nie, donker toekoms of nie.**

Wat die gewone O.B.-lid, op wie se steun dr. Malan hom terwille van die „donker toekoms" beroep, nou wil weet, is dit: **Is dr. Malan dan nie ook 'n goeie Afrikaner wat „as Afrikaner sal handel" in tyd van gemeenskaplike gevaar nie? Moet die O.B.-lid homself dan as 'n groter Afrikaner openbaar as die leier van die H.N.P. wat oor sy vooroordele en kleinlike haat blykbaar nie kan kom nie? As dr. Malan weier**

(vervolg in kolom 2.)

(vervolg van vorige kolom.)

**om sy party se stem in Brakpan uit te bring, en daarmee die setel vir genl. Smuts gee, Watter reg het hy om te eis dat O.B.-lede in ander kiesafdelings waar „onaanneemlike" H.N.P.-kandidate staan, hul stem vir sy kandidate moet uitbring?**

Dit moet tog duidelik wees dat dr. Malan hier 'n voorbeeld gestel het met verreikende gevolg. **Dr. Malan het die presedent geskep dat mens ten spyte van samewerkende ooreenkomste buite stemming kan bly as 'n kandidaat jou nie aanstaan nie.**

Wat kan hy hierop antwoord? Dat die O.B.-partye wil vernietig Maar die Nuwe Orde wil ook partye vernietig, en hulle word dan aanvaar as kandidate vir die A.P. — en ons verwyt nie, ons is dankbaar daarvoor!

En dan wil die O.B. ten slotte ook nog weet: **Indien dr. Malan se vyandskap vir hom en sy organisasie so groot is dat hy vlak voor die verkiesing — waarvan die uitslag, volgens sy eie woorde, hoogswaarskynlik 'n „kop aan kop" gaan wees — geen vrede wil maak nie en selfs bereid is om 'n deurslaggewende setel prys te gee, moet hy dan aanvaar dat dr. Malan, indien hy aan bewind kom, groter vyandskap teen die republikeinse Volksbeweging gaan openbaar as genl. Smuts?**

# Ons Eie Kinders Ontvoer

Die gesegde „gee my die kind en die toekoms behoort aan my", en die uitlating van Lenin: „Gee my die kind vir ses jaar en hy is 'n bolsjewis" is waarhede wat onbetwisbaar is, en daarby waarhede wat vandag in die bolsjewistiese wêreld op reuse-skaal toegepas word. Die pers het onlangs berig van Griekse kinders wat by hul duisende ontvoer word na kommunistiese lande waar hulle dan „opgelei" sal word. Dit stem ooreen met die bolsjewistiese praktyk in Rusland waar kinders vanaf die ouderdom van 12 jaar opgekommandeer word vir opleiding in staatsinstellings waar hulle so deeglik gebolsjewiseer word dat die oud-kommunis Kravchenko in sy boek „Ek Kies Vryheid" hiervan as volg getuig:

„Indien hierdie stelsel van kinderdiensplig voortgaan, sal die Sowjetstaat teen 1960 tussen dertig en veertig miljoen werkers op hierdie geregimenteerde grondslag hê . . **Ten volle opgelei in kommunistiese beginsels en die Stalin-teorie van wêreldrevolusie sal hulle mense wees van die staat, gewillig of onwillig, sonder die herinnering van 'n persoonlike vryheid. Hierdie sedelik- en politiek-verminkte Russe sal 'n geduGte mag verteenwoordig in die hande van 'n bewind vir gebruik in die binneland sowel as vir buitelandse avonture."**

## OOK IN S.A.

Maar dit is nie net in Rusland waar hierdie waarhede met alle mag as wapen vir bepaalde rigtings aangewend word nie. **Soos in ons blad van verlede week berig, is die hoër onderwys in ons eie land deur twee buitelandse Jode as wapen geanneksee** **seer om Afrikaanse kinders van hul ouerlike invloede te speen en los van die volkstradisies en lewensuitkyk op te lei as wapendraers vir die liberalistiese strydmagte in ons land.**

**Dit is beslis 'n ernstige aanklag teen ons volk dat hy toegelaat het dat twee vreemdelinge uit Londen 35 jaar lank aan ons voorgeskryf het en nog steeds voorskryf hoe ons ons kinders moet opvoed, veral waar daardie opvoeding in lynregte stryd is met ons volkstradisies.** Kragtens daardie voorskrif, wat in ons wetgewing vasgelê is, mag by die aanstelling van leerkragte in hoër onderwysinrigtings geen navraag gedoen word na 'n persoon se godsdienstige oortuiging nie. Soos ds. Krynauw dit uitgedruk het: „Hier moet die Christen sy Bybel bêre, die Mohammedaan sy Koran en die Jood sy Talmud." Selfs waar 'n universiteit op nasionale en Christelike grondslag opgerig word, mag by die aanstelling van leerkragte nie gevra word of hulle die gees van daardie inrigting sal kan vertolk nie.

**Christelike ouers — en ons volk bestaan in hoofsaak uit Christelike mense wat nog glo aan die doop — wat voor die kansel 'n plegtige en gewigtige belofte afgelê het dat hulle hul kinders in die christelike leer sal opvoed „en laat onderrig", het vir 35 jaar lank, ná 'n kortstondige protes, maar stilgesit en aankyk hoe hul belofte vernietig word op aandrang van twee uitlandse Jode. Dit is die vernederende en skuldige toestand waarin ons volk vandag verkeer.**

## BEVEG DIE PRODUKTE

En as daar nog sommige mense is wat teen hierdie dinge beswaar maak en hulle beywer vir Christelike en nasionale onderwys, ook in ons laer inrigtings, dan ondervind hulle geen steun nie van diegene wat wel luid en kragtig betoog teen die **geestelik-verminkte produkte** van ons universiteite, wat nou in die politiek dié dinge bepleit wat vreemd aan ons volk is, **maar nie kan insien dat jy hierdie vyande in die politiek, dáár moet verslaan waar hulle gekweek word nie, nl. aan jou universiteite waar die jong Afrikanerboompies gebuig word na die smaak van Londense Jode.**

Laat ons 'n les van Lenin en Stalin leer en van wat nou in Griekeland gebeur. Ons kinders word onder die stelsel van sentralisasie op die platteland reeds van ses jaar af onder die ouerlike invloed weggeneem na skole waar daar wel ook goeie leerkragte is, maar ook diegene wat klaar aan ons kleurlose universiteite verknoei is — skole waarin soms van bo af doelbewus daarna gestreef word om kinders met 'n sogenaamde „ope gemoed" te kweek. Hier-

(vervolg in volgende kolom.)

(vervolg van vorige kolom.)

die proses van vervreemding van die ouerlike en kerklike invloede word dan uiteindelik afgesluit aan die universiteite waar jou landswette jou verplig om jou kind aan die voete te laat sit van vreemdsoortige leermeesters, wat wel neutraal moet wees ten opsigte van die Afrikaner se godsdienstige tradisies, maar glad nie neutraal ten opsigte van die ongeloof nie.

Uit hierdie vernederende posisie sal ons volk moet opstaan as hy nog enige hoop koester op 'n eie toekoms. **Ons sal moet begin om ons eie kinders te red uit die nette waarin hulle deur die vyande van ons volk gevang word.**

# Derde Wêreldoorlog Op Die Drempel?

*Buitelandse Oorsig Deur Dr. J. A. Wiid*

**Dit is nou ongeveer nege maande gelede dat James Byrnes, die gewese Amerikaanse buitelandse minister, sy onverkwiklike ervaringe met die Russiese buitelandse politiek in sy werk, „Speaking Frankly", geboekstaaf het. Soos bekend dra hierdie ervaringe die kenmerke van eindelose frustrasie en gesukkel met betrekking tot na-oorlogse vredesbepalinge en rekonstruksieplanne. Al die pogings van Byrnes en sy Westerse kollegas om vredestoestande te skep, is deur die diepgaande agterdog, buitesporige eise en ontoegeeflikheid van die Kremlin verydel, vermink of vertraag. Die nare ondervindinge wat Byrnes met Bolsjewistiese diplomate gehad het, het ook die ondervindinge van sy opvolger, George Marshall, geword. Die enigste verskil is dat die kloof tussen die eertydse bondgenote byna onoorbrugbaar wyd en diep geword het en dat die verslegting in die betrekkinge tussen die Weste en die Ooste in die jongste tyd met merkbare versnelde tempo plaasvind.**

## DIE BOLSJEWISTIESE OFFENSIEF

Die Kremlin het nie alleen daarin geslaag om met sy frustrasie- en verydelingsbeleid die totstandkoming van vredestoestande en stabiliteit in die wêreld teen te werk nie, maar hy het dit ook reg gekry om sy mag in Westelike en Oostelike rigting aansienlik uit te brei. In die Weste voer die Kremlin vandag die hoogste woord in Pole, Tsjeggo-Slowakye, Roemenië, Hongarye, Suid-Slawië en Bulgarye. Die Kommuniste in al hierdie lande het met die morele sowel as met die materiele steun van die Kremlin daarin geslaag om die Bolsjewistiese lewens- en wêreldbeskouing daar op die troon te plaas. Die betekenis van hierdie Kommunistiese oorwinnings vir die Kremlin sowel as vir die Weste kan moeilik oorskat word. Afgesien van die rewolusionêre kenmerke wat met Kommunistiese oorwinnings gepaard gaan en die menslike lyding wat op die uitskakeling en likwidasie van andersdenkendes volg, is dit veral Stalin en sy Rooi leër wat uit die jongste gebeurtenisse in lande soos Tsjeggo-Slowakye voordeel trek. Terwyl die Bolsjewisme sy grense weswaarts verskuif het, ver weg van die ou Russiese grense van 1939, moet die Westerse moondhede terugtrek en sal hul stem nie langer in die hoofstede van die nuwe Moskouse satelliete enige gewig dra nie.

Die weswaartse mars van die Bolsjewiste het egter nie aan die westelike grense van hierdie Moskouse satelliete tot stilstand gekom nie. Die jongste gebeurtenisse in Berlyn en Finland, die sloerpolitiek van die Kremlin in

(vervolg op bladsy 5.)

# „Grootste Diktator”

**Kapt. H. Slegtkamp, D.T.D., Middelburg, Tvl., Skryf:**

Ons het al baie gehoor van diktators, o.a. van Hitler en nou van Stalin. Maar ek dink dat dr. Malan die grootste diktator hier in Afrika is. Watter reg het dr. Malan om hom te bemoei met die kandidate van mnr. Havenga, en die Afrikanerparty?

Deur die genade van dr. Malan het mnr. Havenga 'n setel in die Vrystaat gekry. Kyk nou wat het in Brakpan gebeur. Mnr. John Vorster en Louis Bootha (vir Roodepoort) wat algemeen deur die publiek aanvaar word as kandidate, is deur dr. Malan geveto.

Ek kan nie verstaan hoe mnr. Havenga daarmee tevrede kan wees nie. Gaan hy dan buig voor dr. Malan? Dr. Malan moet nie vergeet dat as mnr. Havenga sy eie party met behulp van die O.B. in die veld geplaas het, hy sy kop lelik sou gekrap het.

As ons nie oppas nie sal dr. Malan, nadat hy met ons stemme aan bewind gekom het, in staat wees om die O.B. in die ban te doen.

Die Kommuniste met hul gebalde vuiste is besig om teen die godsdiens te veg en die leër van die anti-chris te versprei. Soos dit vir my lyk is dr. Malan angstiger om lede van die O.B. as kandidate uit die party te weer as lede van die Kommunistiese Party. Die O.B. is vandag een van die sterkste Afrikaanse nie-partypolitieke organisasies.

In die plek van wyle mnr. Werth, wat die O.B. nie kwaadgesind was nie, is mnr. P. W. Botha nou genomineer. Vier jaar gelede het hy hier op 'n vergadering teen die O.B. uitgevaar, en uitlatings gemaak wat, na bewering, aanleiding gegee het tot twee internerings.

Ons moet egter in eensgesindheid lewe en mekaar se skulde vergewe. — (Verkort. — Red.).

# Verantwoordelik Vir Veto

**Mnr. J. F. Stemmet, Knysna, skryf:**

Ek het ook die nuus oor adv. Vorster en mnr. Bootha gelees. Soos dit my voorkom het die korrespondent van die H.N.P.-blaaie die berig in Dagbreek verkeerd gelees. Feit is natuurlik dat die hoofraad adv. Vorster geveto het en dr. Malan is een van die lede van die hoofraad. En soos dit my voorkom word die skuld nou op mnr. N. C. Havenga gepak. Ek glo hoegenaamd nie dat mnr. Havenga en die ander lede van die A.P. teen 'n mede-lid sal diskrimineer omdat hy 'n O.B. is nie.

# Die Weste

**Mnr. A. N. van Dyk, Napier, skryf:**

Dr. Malan sê dat as hy die oorwinning behaal, hy sy magte sal ingooi by die Weste. Wie is die Westerse blok? Is dit nie die moordenaars van Neurenberg, Engeland en Amerika nie, van wie Streicher gesê het dat die Bolsjewiste hulle ook nog sal ophang? So, O.B.-lede moet nie kant kies nie. Kyk eers wat julle doen voordat julle die kruisie trek en die Dingaanskruisie van verraad maak.

Om elke vyf jaar lank 'n kruisie by die stembus te gaan maak en daarop te roem dat ons ons plig gedoen het, is louter twak. Waarvoor het al ons helde dan hul bloed opgeoffer? Waarvoor het hulle gesterf? Ons moet iets by daardie idealisme voeg om dit te bestendig.

Laat die Rooi Sowjet gaan en die Westerse moordenaars uitdelg. Daarna sal Duitsland weer opstaan sodat reg en geregtigheid weer kan geskied. — (Verkort).

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Skadu en Lig In Brakpan

**Mnr. G. C. Odendaal, Pretoria, skryf:**

Vergun my asb. 'n plekkie in ons blad om ietsie te rep in verband met die Brakpan-tragiek.

In die eerste plek wil ek graag my hoogste waardering uitspreek teenoor genl. John Vorster. Sy gebaar was 'n helder daad.

Die aanloklikheid van Kaapstad se sagte kussings kon nie opweeg teen sy suiwere wil om slegs te dien nie. Diens in die sin soos genl. Vorster dit interpreteer is die enigste pad waarop ek die Afrikaner kan sien voortmarsjeer na sy eindbestemming.

Aan Brakpan sal in die toekoms 'n politieke stigma kleef wat 'n slegte smaak sal laat in die mond van elke opregte republikein, maar aan die anderkant het ons tog daardie eensame wete weer helder sien opflikker, nl. dat daar onder ons nog mense-materiaal aanwesig is wat net soos in die verlede ook nog in die toekoms opofferinge sal maak.

Van 'n persoon soos adv. Vorster kan mens nouliks iets anders verwag het. Soos hy aan my bekend is, is daar by hom net een onverwoesbare leuse, nl. „Ek dien,” nie 'n politieke party of 'n Empire nie, maar wel die Afrikanervolk.

Net soos genl. Vorster, wil ek en sy baie vriende hier in die Noorde, ook langs die weg, die volgende kandidaat alles van die beste toewens.

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**


# Werkloosheid Word 'n Bedreiging

Werkloosheid in die Unie neem stadig maar seker toe. Gedurende Februarie was daar 13,338 werkloses in die Unie. Dit is 480 meer as tydens Januarie toe daar 12,854 werkloses was. Hierdie syfers was op sy beurt weer 1048 meer as die vorige maand (Des. 1947).

Die grootste persentasie van hierdie persone is nie-blankes. Aan die einde van Februarie was daar 3,200 blanke mans sonder werk.


# Is Medisyne Noodsaaklik?

***Die Natuurwetenskap sê nee!***



**Die Bron van Siekte**

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**


# BUITELANDSE OORSIG

(vervolg van bl. 4, kol. 5.)

verband met die na-oorlogse rekonstruksie en die belangstelling van Moskou in die Kommunistiese partye en algemene verkiesings in lande soos Frankryk en Italië bewys duidelik dat woorde soos wêreldrewolusie en wêreldheerskappy nog nie uit die woordeboek van die Russiese maghebbers verdwyn het nie.

Nie alleen weswaarts nie maar ook ooswaarts is die Rooi leër op die mars. Die jongste groot oorwinnings van die Chinese kommunistiese leërs sowel as die doen en late van die Russe in die vroeëre Japanse gebiede op die Asiatiese vasteland spreek 'n baie duidelike taal.

**WESTERSE REAKSIES**

Die na-oorlogse agressiewe buitelandse beleid van Moskou het sonder twyfel steeds sterker wordende reaksies in die Weste uitgelok. Die dae toe Amerikaanse presidente en Britse eerste ministers lang reise afgelê het om in welwillendheid die knie voor Stalin te buig, is gelukkig verby. Vandag kan 'n mens hom net nog verbaas oor die naïweteit — om 'n onskuldige woord te gebruik — wat soveel vertroue in die Moskouse diktator gestel het.

Vandag praat die Weste 'n gans ander taal as wat Roosevelt en Churchill in Teheraan, Yalta en Potsdam gepraat het. Die V.S.A., die enigste wêreldmoondheid wat met sukses teen die Russiese kolos kan optree, doen sy uiterste om 'n bolwerk teen die bewegende Rooi leër op te werp. As beskermer van die Weste en potensiële vyand van die Russe maak Amerika, behalwe vir propaganda doeleindes, nie veel gebruik van die internasionale masjinerie nie wat hyself gehelp het om op te bou om wêreldvrede te handhaaf. Dit was op eie houtjie dat Amerika hulp aan Griekeland en Turkye verleen het, 'n „Truman-leer en 'n Marshall-plan verkondig het. Dit is nie in die vergadersale van die V.V.O. en die Veiligheidsraad nie maar in die Wit Huis en in die Amerikaanse Kongres waar die nuwe wêreldprogram opgestel word. Die vernaamste nommer op hierdie program is sonder twyfel aan die adres van Moskou gerig. Hiervolgens word kolossale dollarbedrae vir hulpverlening aan Wes-Europa en China en vir Amerikaanse bewapening op sy gesit. Die opstel van 'n bolwerk teen die aanstormende Bolsjewisme het 'n Amerikaanse obsessie geword.

**BINNE 65 DAE!**

Hoewel dit vanselfsprekend is dat die Amerikaanse oorlogstrategie, soos deur militêre owerhede opgestel, as die grootste staatsgeheim bewaar word, is daar binne en buite die V.S.A. volop strategie wat presies weet hoe en waar die uitklophou aan Rusland en sy satelliete toegedien sal word. Volgens hierdie leke-strategie sal dit 'n ware blitsoorlog wees wat nie langer as 65 dae sal duur nie. Die allerverskriklikste nuwe Amerikaanse wapens, wapens wat in hul vernietigende uitwerking die atoombomme van die jongste wêreldoorlog ver sou oortref, sal aan die Russiese kolos hierdie uitklophou toedien.

Dit is 'n bekende oorlogspropaganda om 'n oorlog wat voor die deur staan en onvermydelik skyn as 'n „piekniek” en „kort van duur” voor te stel. Hoewel die jongste wêreldoorlog wel bewyse gelewer het dat kortstondige blitsoorloë en blitsoorwinnings moontlik is, is dit sterk te betwyfel of die militêre stratege van Amerika hul op hierdie oppervlakkige standpunt sal stel. 'n Blitsoorlog teen die Russiese kolos is die kletstaal van die propagandis en nie van die militêre deskundige nie.

Daar is dan ook genoeg bewyse dat die verantwoordelike militêre leiers in Amerika wêreldtoestande in 'n ernstige lig sien en ook ernstige pogings aanwend om aan die oorlogsgevare die hoof te bied. Afgesien van nuwe wapens word veral ook die mannekrag van leër en vloot opgeknap. Dit staan ook vas dat die V.S.A. nie alleen in Amerikaners die kanonvoer van die komende oorlog sien nie. Nie alleen in die lande van die vroeëre Wes-Europese bondgenote nie, maar selfs in Franco se Spanje, in Turkye en in die lande van die vorige vyande word gretig na rekrute gesoek. In die Verre Ooste maak Amerika hom bv. klaar om vyf miljoen Japanse veterane teen Rusland in die veld te stoot.

Hoewel die kroniese wrywing tussen Rusland en die Weste duidelike tekens van verslegting

(vervolg in volgende kolom.)

(vervolg van vorige kolom.)

aan die dag lê, moet dit nie uit die oog verloor word nie dat die Amerikaanse Kongres 'n liggaam is wat langsaam beweeg en nie maklik paniekerig word nie. Heelwat van die huidige sabelgekletter het ook sy propagandistiese waarde vir die buiteland sowel as vir die eie tuisland. Heelwat van die huidige spanning tussen die Weste en die Ooste moet b.v. gesien word in die lig van die naderende algemene verkiesing in Italië.

Sabelgekletter sluit egter altyd potensiële gevare in, want met die bajonet of sabel kan wel baie uitgerig word, maar daar kan nie daarop gesit word nie. Die gevaar is dus groot dat die huidige spanning tussen die Ooste en die Weste in 'n derde wêreldoorlog kan ontwikkel. Volgens baie kenners lyk so 'n wêreldoorlog selfs onvermydelik en een wat alleen nog deur 'n wonderwerk gekeer kan word.

**NOODHULP VIR DUITSLAND**
**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

**ONS BENODIG DRINGEND:**

- **Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.**
- **Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.**
- **VET.**
- **Biltong of ander onbederfbare eetware.**


STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND
of regstreeks aan die
**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Bloedstraat 164, PRETORIA.** **Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.**
**● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●**

**Maak u eie STENE met die**

**KLEINE WONDER**

**SEMENT-STEENMAAKMASJIEN**

Die „KLEINE WONDER” stel u instaat om sementstene te maak op die plek—soveel as wat nodig is, waar en wanneer hul nodig is. Daarbenewens stel die welgevormde, volkome reghoekige standaardgrootte „Kleine Wonder”-stene die messelaar in staat om baie meer stene per dag te lê en minder pleister (messelkalk) te gebruik. Die pleisterer spaar ook tyd en pleisterkalk omdat daar nie ongelyke dele is om op te vul nie. Die „KLEINE WONDER” sonder onderdeel kos slegs



£20 v.o.s. Hopefield. Onderdeel £10 ekstra maar enige stewige stellasie kan vir hierdie doel gebruik word.

**Handelsnavrae word verwelkom**
**Voortrekkerstraat, Hopefield.**
**Posbus 18. Telegramme „BUHR”**

**J. H. BUHR**

(3)

**Republikanisme:**

# Churchill se Begeerte en Smart Bewys Valsheid Van Dominiale Vryheid

**In ons vorige artikel het ons beweer dat die Britse imperialisme nie soseer op die besit van sy kolonies as op die dienste, vrywillig of gedwonge, van sy ondergeskikte gebiede gesteld is nie. Wat die status van sy onderhorige lande is, maak by hom nie veel saak nie, solank hy maar net uit hulle verryk kan word. Laat ons in hierdie artikel meer lig op hierdie stelling werp.**

In die vorige eeue het die Britse imperialisme die pad van geweld en dwang gevolg. Die een volk na die ander is op gewelddadige wyse onderwerp, waarna met alle middele gepoog is om hulle van hul eie identiteit te beroof en sodoende tot gewillige slawe om te vorm. Die geweld het egter nie groot dividende afgewerp nie. Ons kan maar kyk na die gevolge daarvan op Amerika waar die reaksie teen Britse oorheersing op die Amerikaanse vryheidsoorlog uitgeloop het, en ook na Indië waar die beleid van regstreekse oorheersing so 'n verset laat oplaai het dat Indië vandag deur Churchill as afgeskryf aanvaar word, hoewel op die laaste oomblik nog pogings aangewend word om Indië te behou met die meer subtiele middels wat met soveel welslae op Suid-Afrika en ander dominiums toegepas is.

### „GROTER VRYHEID"

Hierdie subtiele beleid het sy oorsprong in die tyd van die Groot Trek toe lord Durham na aanleiding van die moeilikhede destyds in Kanada met sy nuwe resep van sielkundige onderwerping gekom het, maar dit het in Suid-Afrika eers sy toepassing gevind kort na die Tweede Vryheidsoorlog—klaarblyklik weens die onderskatting van die Boere se weerstand op grond van hul geringe getalle.

Lord Durham se advies aan Brittanje het hierop neergekom: **Koop die verset van die kolonies met groter politieke vryheid en stuur as waarborg vir die transaksie groter getalle Britse immigrante op wie se lojaliteit staat gemaak kan word.** Durham se idee was naamlik dat jy die kolonies 'n groter politieke vryheid moet verleen, waardeur hulle met 'n dankbare vriendskap jeens Brittanje vervul sal word. Hierdie dankbaarheid kan dan versterk word tot blywende lojaliteit indien daar gesorg word vir 'n meerderheid lojale onderdane in die betrokke kolonie deur middel van immigrasie.

### S.A. AS VOORBEELD

'n Duidelike voorbeeld van hierdie politiek word gevind in die toespraak van Stanley Baldwin in 1934, toe hy die nuwe grondwet, wat groter politieke vryheid aan Indië sou gee, verdedig het:

**„Dis my eerlike oortuiging dat u by magte is om die hele Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red," het hy gesê. „Ek verklaar met nadruk dat ek vas oortuig is dat, as u Indië nie hierdie geleentheid gee nie, u Indië binne twee geslagte sal verloor."**

Vir die gewone man mag dit teenstrydig klink om aan Indië groter vryheid te gee ten einde Indië vir die Ryk te behou, maar vir die Britse imperialis was dit lank al nie meer 'n kwessie van teenstrydigheid nie, en selfs nie van blote teorie nie; **hy het die bewyse klaar in sy sak, en Baldwin het dit dan ook uitgehaal en aan sy parlementslede voorgehou:**

**„Die toekenning van selfbestuur aan Suid-Afrika, wat indertyd so gewaagd gelyk het, het getoon dat dit die beste ding vir die Britse Ryk was wat kon gebeur het,"** het hy in sy toespraak verklaar.

### HEGTER BANDE

Hier het die Brit erken dat selfbestuur nie 'n daad van selflose grootmoedigheid was nie, soos genl. Smuts nog altyd probeer verkondig, maar dat dit volgens die resep van ervare Empire-bouers bedoel was **om juis die onderworpe kolonie vaster aan Brittanje te koppel.**

Hierdie nuwe resep is onmiddellik na die verowering van die Republieke op Suid-Afrika toegepas. **In 1903, slegs 'n jaar ná die oorlog wat Brittanje duisende lewens en miljoene ponde gekos het,** pleit Joseph Chamberlain, die aartsimperialis wat agter die Jameson-inval en die Tweede Vryheidsoorlog gesit het, vir **„'n vennootskap met die groeiende kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie".** En in die volgende jaar word aan die verowerde Republieke „selfbestuur" op 'n skinkbord aangebied.

### VOLSLAE VEROWERING

**Hierdie skenking van selfbestuur binne 'n paar jaar na die oorlog was 'n groter imperiale daad as die verowering van die Republieke. Dit het genl. Smuts, 'n bittereinder wat die Britse imperialisme in die gloeiendste taal veroordeel en enduit met die wapen beveg het, nie net van sy verset ontledig nie, maar selfs by positiewe medewerking vir Britse imperialisme gewen.** As gevolg van hierdie daad wat genl. Smuts by herhaalde geleenthede as die „mees grootmoedige" beskryf het, kon hy in September 1946 die Britse imperialisme in die volgende taal in Parys verdedig:

**„Britse imperialisme is dood. In die Suid-Afrikaanse oorlog het dit sy laaste rol gespeel. In daardie oorlog en in die vrede wat daarop gevolg het, is die kors van imperialisme verbreek en het die diepere magte van die ware Britse gees weereens na bo gekom. Die Britse gemenebes van volke het verrys en 'n nuwe patroon is besig om uit te sprei oor die hele Britse Ryk. Waar die Britse vlag ook al wapper, daar is die nuwe gees van bevryding."**

### CHURCHILL

'n Mens stel jou voor hoe Britse imperialiste soos Churchill by sulke woorde luid hande klap, maar diep in die keel giggel oor die welslae van hul „nuwe patroon". Want hierdie aartsimperialis wat tydens die oorlog gesê het dat hy nie wil voorsit by die likwidasie van die Ryk nie, het 'n paar weke na hierdie uitlating van genl. Smuts, die moontlike uitvaart van Indië met kragtige stem beween. **Hy het dit nie teen die skenking van dominiale status as sodanig gehad nie, want in sy weeklag verwys hy na Suid-Afrika as geslaagde proefneming, maar teen die lompe wyse waarop die resep hier toegepas word. Hulle het die vryheid nie aan die regte mense gegee nie, maar aan diegene wat alle rede het om Brittanje te haat, het Churchill gesê.**

### „ONS BEGEERTE"

„Dit was ons begeerte om aan Indië volle dominiale status te skenk, **met insluiting van die reg vervat in die Statuut van Westminster, om die Britse Statebond heeltemal te verlaat,** maar die wyse waarop die Sosialistiese regering die vraagstuk gehanteer het, is daarop bereken om die massas van Indië geen ander keuse te gee as om van die Britse Kroon weg te breek nie. . . . . **Die regering van Indië is gesmyt in die hande van manne wat goeie rede het om bitter vyandiggesind te wees teen die Britse konneksie. . . . . Ons laat uit ons hande glip 'n magtige en wonderlike Ryk wat in Indië opgebou is deur die opofferings van 200 jaar, terwyl Sy Majesteit se onderdane verminder word tot 'n skamele kwart van wat dit geslagte lank was."**

### WIE KAN TWYFEL?

Beter voorbeeld dat „selfbestuur," „dominiale status" en wat nog, nie 'n daad van grootmoedigheid is nie, soos genl. genl. Smuts beweer, **maar 'n poging is om die kolonies „vir altyd vir die Britse Ryk te red," soos Baldwin dit stel, kan nie gevind word nie. Aan die eenkant bely Churchill sy bereidwilligheid, meer nog, sy begeerte om Indië 'n dominiale status te gee, maar onmiddellik daarna bars hy feitlik in trane uit omdat die skenking op so 'n wyse plaasgevind het dat „Sy Majesteit" nou driekwart van sy onderdane gaan verloor na 200 jaar se opofferings!**

Wie kan hierna nog beweer dat Suid-Afrika nader aan sy vryheid gekom het deur die skenking van „die reg vervat in die Statuut van Westminster, om die Statebond heeltemal te verlaat" — 'n reg wat Churchill begerig was om te gee, dieselfde Churchill wat huil oor Sy Majesteit se verlies van 200 jaar se vrugte?

(Word vervolg.)

# Tree Op Teen Kommunisme

Die Birmaanse regering het besluit om genadeloos op te tree teenoor Kommuniste in Birma, so het eerste minister Takin Noe verklaar na aanleiding van die arrestasie van 'n groot aantal Kommuniste wat begin staak het.

Die regering van Wes-Bengale (Indië) het ook besluit om die Kommunistiese Party onwettig te verklaar.

# Gee Duitsland Sy Kolonies Terug, Sê Oswald Mosley

**Die bestaan van verskillende rigtings in die Britse politiek ten opsigte van die plek wat Afrika vir Britse en Europese herstel moet inneem, is in 'n artikel in Die O.B. behandel. Daar is toe melding gemaak van die beweging van sir Oswald Mosley wat ook die oë op Afrika vestig. Hierdie rigting gaan uit van die wydste samewerking met Europese moondhede. Hul standpunt is dat Duitsland nie net moet deelneem aan 'n ontwikkelingsplan van Afrika nie, maar selfs sy voormalige kolonies moet terugkry.**

Reeds lank voordat Bevin met sy plan om 'n Europese Unie te vorm, voor die dag gekom het, het Mosley daarvoor gepleit. Ook het hy aan die hand gedoen dat Afrika en sy rykdomme ontgin moet word. Ook hierdie plan word nou deur die Britte met hart en siel aangepak omdat hulle hierin 'n redding vir die Britse ekonomie sien.

**Mosley betreur dit dat Duitsland platgeslaan is sodat hy nie sy taak om die Russiese Kommunisme teen te hou, kan uitvoer nie. 'n Sterk Duitsland is die enigste wat dit kon gedoen het.** Brittanje sowel as Amerika kon in vrede met Duitsland geleef het. Hulle het mekaar se markte en produkte nodig, maar vandag moet Amerika die puinhope van Duitsland sowel as Brittanje onderhou. Mosley pleit dat hierdie misstap in die toekoms voorkom moet word deur verstandige optrede.

### GEEN EUROPA

Sedert die konferensie van Potsdam is Duitsland in drie gebiede verdeel. Sonder die eenheid van Duitsland kan daar nie sprake wees van 'n vrede in Europa nie. **Feit is dat daar sonder Duitsland geen Europa sal wees nie. „Ek gaan verder, en verklaar dat Duitsland toegelaat moet word tot die Europese unie en dat hy op gelyke voet met die ander moondhede moet deelneem aan die ontwikkeling van Afrika", verklaar Mosley.**

**„Verder moet sy kolonies aan hom terug gegee word of hulle ekwivalente in ander dele van Afrika. Die weiering van hierdie elementêre regverdigheid was een van die oorsake van die ontploffing van 1939. In die gesamentlike onderneming van Europese lande in die ontginning van Afrika, moet Duitsland sy gelyke aandeel ontvang".**

Mosley maak daarop aanspraak dat hy altyd 'n voorstander van hierdie beleid was. Voorheen was dit net 'n droom, maar tans is dit 'n praktiese noodsaaklikheid.

## VIR DIE AANDAG VAN STUDENTE

**Die aandag van alle studente, maak nie saak aan watter universiteit of kollege u studeer nie, wat nog nie ingeskakel is by 'n eenheid nie, of graag 'n eenheid wil stig, moet asb. sonder versuim in verbinding tree met die Jeugleier, Posbus 1059, Pretoria. Nadere besonderhede sal dan verstrek word.**

# V.S.A. Baas Ter See

Ook op die gebied van skeepvaart is Brittanje vandag 'n tweederangse moondheid. Waar hy hom vir baie jare lank beroem het op sy baasskap ter see, het Amerika tans daardie plek ingeneem.

Die Amerikaners het hul skeepstonnemaat sedert Junie 1939 met meer as 21,000,000 vermeerder. In dieselfde tydperk het die wêreld se tonnemaat met slegs 15 miljoen toegeneem.

Sedert 1901 het die persentasie van die wêreld se tonnemaat, wat aan die V.S.A. behoort, van 4.2 tot 36.1 toegeneem, terwyl die van Brittanje van 50.2 tot 21.4 gedaal het.

Die Sentrale Groep van eerw. Miles-Cadman het aangekondig dat hulle dertien setels sal betwis. Die kandidate vir nege van hierdie setels is reeds goedgekeur en aangekondig.

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE**
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7188) Newtown

# Sprake Van Geweld In Triëst

Blykens aanduidings is Rusland van voorneme om die aankondiging van Amerika dat Triëst weer aan Italië teruggegee moet word, met wapengeweld teen te staan.

Uit Italië word berig dat 5,000 Suid-Slawiese soldate die Suid-Slawiese besettingsgebied in Triëst binnegetrek het en dat 300 Russiese tenks op die grens nege myl vanaf Triëst saamgetrek is.

Triëst, wat aan Italië behoort het, is met die Italiaanse vredesverdrag van Italië weggeneem en onder internasionale beheer geplaas — grootliks as gevolg van die agitasie van Rusland en sy handlanger Joego-Slawië. Die gevolg was dat Rusland 'n deeglike houvas op hierdie belangrike hawestad gekry het.

Amerika, Engeland en Frankryk het onlangs aangekondig dat hulle van plan is om hulle te beywer dat Triëst weer aan Italië teruggegee word.

# Besorgdheid Oor O.B.-Groepe By Linksgesindes

**Die linksgesinde vyand van die Ossewabrandwag voel in toenemende mate verontrus oor die aankondiging dat die O.B. besig is om defensiewe afweergroepe teen die Kommuniste aan die Rand en elders op te rig. 'n Nuwe noodroep het opgegaan van die kant van die linkse Arbeidersparty wat wil weet wat die polisie van voorneme is om te doen in verband met hierdie nuwe bedrywigheid van die Ossewabrandwag.**

Die O.B. is besig om die tegniek van Hitler en die Nazis toe te pas skryf Colin Legum, 'n vooraanstaande lid van die Arbeiders in die kolomme wat die regeringsblad Forum weekliks aan sy party afstaan. Hy verwys dan na die nuwe organisasievorm van die Ossewabrandwag waardeur talle klein aktiewe eenhede in die lewe geroep word om die Kommuniste teen te staan.

„Ek sal graag wil weet wat die polisie doen in verband met hierdie bedrywighede van die O.B. As die Kommuniste „aksie-eenhede" het, sal ek ook graag wil weet wat met hulle gedoen word — hoewel ek nie kan glo dat dit enigsins waar kan wees nie.

**„ALLES VEILIG"**

„Indien daar enige plaaslike Kommunistiese bedreiging is — en geen verantwoordelike politieke leier glo vir een oomblik dat dit die geval is nie — dan is dit die taak van die polisie om die saak te hanteer, nie 'n privaat polisie- of guerilla-eenheid nie, soos die O.B. van voorneme is om in die lewe te roep."

Sedert wanneer, wil die skrywer weet, is dit gewettig om 'n privaat polisiemag aan te hou?

„Dr. Van Rensburg se oorlogstydse magte en mnr. Pirow se piksteelkommando's maak 'n ernstige gevaar uit vir die binnelandse veiligheid. Selfs al gaan daar geen bevele van die leiers uit nie, en jy 'n groep georganiseerde jong manne het wat geleer is om 'n sekere groep te haat, bestaan die gevaar altyd dat hulle op hul eie tot 'n offensief kan oorgaan wat tot groot moeilikheid kan lei," aldus die skrywer.

Dit is vanselfsprekend dat die Kommuniste en hul metgeselle vandag die grootste keel sal opsit teen die bewapening van ander volke teen kommunistiese agressie, en dus ook teen die voorbereiding van die Afrikanervolk om homself te beskerm. **Dat die Kommuniste hul aanvalle teen die O.B. verhewig, is 'n aanduiding dat hulle weet waar hul teenstand vandaan sal kom.**

# Ook Wes-Kaapland Skakel Nou Oor Tot Beweegliker Eenhede

**Die stigting van klein aktiewe O.B.-eenhede, elk met sy eie leier wat regstreeks met die hoofkwartiere skakel, en waarmee reeds groot sukses in Transvaal behaal is, word nou ook na Wes-Kaapland uitgebrei. Die leiers van hierdie eenhede word ook direk ingeskakel by die bestaande kommando's.**

Verantwoordelike offisiere in Wes-Kaapland het reeds 'n geruime tyd gelede opdrag ontvang om met hierdie saak 'n aanvang te maak. In die Kaapse Skiereiland is sulke eenhede reeds te Parow en Bellville en elders in die lewe geroep. Ook te Montagu en Bonnievale is die eenhede aan die beweeg.

**Hierdie stelsel van organisasie waardeur daar geen haakplek kan bestaan in tye wanneer daar sonder versuim gehandel moet word nie, is deur die Grootraad op sy jongste sitting in beginsel goedgekeur.**

**MEER VELDKORNETTE**

In Wes-Kaapland sal die kommando's voortaan beskik oor 'n hele aantal veldkornette, wat, enersyds, direk in bevel sal wees van 'n stuk of tien brandwagte en wat, andersyds, as kommandoraadslede, direk met die hoofkwartier sal skakel.

Ooreenkomstig hierdie besluit raak die range van assistent-veldkornet, sersant en korporaal in onbruik; en daarbenewens sal die kommandorade voortaan uit tien of selfs meer veldkornette kan bestaan.

Waar kommando's bestaan, kan die generaal en sy kommandante hierdie vereenvoudigde stelsel toepas. Indien hulp by die oorskakeling verlang word, moet sodanige versoek aan hoofkwartier gerig word.

**In dooie kolle, waar kommando's nie bestaan nie, of in werksplekke waarheen die kommando-organisasie moeilik deurdring, kan enige O.B.-lid in oorleg met die hoofkwartier 'n klein eenheid begin en opbou.**

# V.S.A. AANVAAR „FASCISME' NOU AS BONDGENOOT

**Spanje, wat sedert die afgelope oorlog die uitgeworpene onder die Europese volkere was vanweë sy „fascisme" wat hom om die nek gehang is deur die Kommunistiese propagandiste omdat hulle in genl. Franco 'n gevaar gesien het vir hul uitbreidingsplanne, begin weer in die kring van die volkere opgeneem te word, veral deur Amerika, wat nou besef dat Spanje een van hul sterkste bondgenote teen die Kommunisme in Europa is.**

Dit is nie so lank gelede nie dat daar selfs in die hoogste raadsale van die wêreld gevra is om sanksies teen Spanje toe te pas ten einde die „fascisme" met geweld uit te dwing. Vandag sing Amerika, Brittanje en Frankryk wat toe oënskynlik te vinde was vir sodanige optrede, heeltemal 'n ander deuntjie. **Met groot meerderheid van stemme (149 teen 52) het die Amerikaanse huis van verteenwoordigers 'n besluit aangeneem om Spanje in te sluit by die Europese herstelplan. Die voorstel is ingedien deur Republikein O'Konski wat Franco se bewind beskryf het as een van die sterkste bolwerke teen die Kommunisme in Europa.**

Die besluit is wel later deur 'n gesamentlike sitting van die Senaat en die huis van verteenwoordigers weer herroep, veral op aandrang van genl. Marshall, omdat dit as 'n flater beskou is om nou kort voor die verkiesings in Italië en Frankryk met so 'n beleidsverandering te kom. **Daar is op gewys dat niks verhinder dat Spanje in elk geval ingesluit word nie, en dat 'n formele besluit op hierdie stadium slegs propaganda in die Kommuniste se skoot sal werp.** In elk geval lewer hierdie besluit bewys van die algehele kentering wat daar in Amerika gekom het ten opsigte van die sogenaamde „fascisme" wat elke teenstander van die Kommunisme sedert die oorlog om die nek gehang is, ook in Suid-Afrika.

Vroeër verlede week is ook berig dat Spanje sowel as Portugal in noue medewerking met Amerika, besig is om die Iberiese Skiereiland om te skep in 'n vesting teen die Kommuniste. **Amerikaanse militêre deskundiges het die Spaanse leër onlangs besoek en voorrade Amerikaanse oorlogsmateriaal kom tans in Spanje aan waarmee die leër toegerus sal word.**

# GROOT LAERTREK OM O.B.-HOUDING TE BESPREEK

**Leiding aan die Ossewabrandwag in Wes-Kaapland ten opsigte van die jongste politieke ontwikkelings wat die Ossewabrandwag op intieme wyse raak, sal op 24 April op Worcester gegee word by geleentheid van 'n groot Laertrek deur die Ossewabrandwag van Gebied A. Elke Brandwag en Offisier word deur die Gebiedsleier, genl. dr. F. D. du Toit van Zyl, opgevorder om aanwesig te wees. Die Gebiedsleier sal persoonlik by hierdie byeenkoms die bevel voer.**

**Die Laer vind op die Worcesterse Skougronde plaas en sal formeel om tien-uur die oggend geopen word.**

**Daar sal tente wees waarin Brandwagte die dag kan deurbring. Dit sal ook raadsaam wees om vooraf losies te reël of 'n eie tent saam te bring, hoewel reëlings ook getref word vir 'n kombuis.**

# Berlyn Word Brandpunt

**Die verhouding tussen die Westerse Geallieerdes en Rusland het die afgelope dae so versleg en die spanning so toegeneem dat gevrees is dat daar enige tyd 'n breekpunt bereik kon word. Berlyn het die brandpunt geword, waar die Russe skielik begin het om drastiese reisbeperkings tussen die verskillende besettingsgebiede toe te pas.**

Die Amerikaners het, nadat hulle treine deur die Russe voorgekeer en gevang was, geantwoord deur alle militêre treine van en na Berlyn te kanselleer. Inmiddels is die wagte op die grense van die besettingsgebiede versterk.

Blykbaar vasberade om op 'n breekpunt af te stuur en toegewings van die Amerikaners en Britte af te dwing, het die Russe aangekondig dat hulle voortaan nie meer sal deelneem aan die beraadslagings van die Berlynse Kommandatura nie. Dit is vertolk as die begin van die ontbinding van die voeling tussen die Russe en hul mede-besetters in Duitsland. **Om krag by hul stap te voeg, het die Russe begin om loopgrawe te grawe en te beman.**

In 'n poging om 'n oplossing te vind vir die dooie punt, is gereël dat die Britse militêre goewerneur, genl. sir B. Robertson, en die Russiese militêre goewerneur, maarskalk Sokolofsky, gister saam sou eet om sake te bespreek. Die opperbevelhebber van die Britse magte, veldm. Montgomery, sou by hierdie eetmaal aanwesig gewees het.

# KOMMUNISTE JUIG OOR KEERPUNT IN S.A. VAKBONDWESE

**Die linksgesinde vakbonde wat grootliks deur kommuniste oorheers word, het verlede week die baasskap oor die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad verower, en daarmee 'n belangrike wapen in die ekonomiese lewe in hande gekry.**

**Hierdie baasskap is moontlikgemaak deur die aanvaarding van 'n voorstel van groepverteenwoordiging in die uitvoerende bestuur van die Raad, waardeur die sewe linksgesinde vakbonde 21 verteenwoordigers op die bestuur verkry het teenoor 19 van die ses gematigde vakbonde, hoewel laasgenoemde oor omtrent vyfduisend meer lede beskik.**

Weens 'n hangende hofsaak wat spruit uit 'n aansoek om nietigverklaring deur die Klerewerksvakbond teen die hoofsekretaris, mnr. J. W. de Vries, is daar net 'n waarnemende sekretaris op die oomblik in die persoon van mnr. A. G. Forsythe.

**Die Kommunistiese blad het hierdie sukses van die linkse groepe met groot blydskap aangekondig en beskryf dit as 'n keerpunt in die geskiedenis van die vakbondwese".**

Die leier van die linkse groep is Solly Sachs, 'n gebore Rus wat op vyftienjarige leeftyd na Suid-Afrika gekom het en hom in die vakbondwese ingegrawe het.

# Datum Verskuif Van Wedstryd

Op versoek van verskeie lesers, veral offisiere wat tans met reorganisasie besig is, is besluit om die sluitingsdatum van ons intekenare-wedstryd te verskuif sodat dit saamval met die afsluiting van Voorslag se finansiële jaar, t.w. 30 Junie.

Soos tevore aangekondig is daar 'n prys (Parker- of Sheaffer-vulpen) vir die persoon wat die meeste intekenare werf (een jaar opbetaal), terwyl diegene wat tien intekenare besorg Die O.B. twee jaar lank gratis sal ontvang, en vir ses intekenare een jaar lank gratis.

Name van gewerfde intekenare moet asseblief sonder versuim aan Voorslag, Posbus 1411, Kaapstad, gestuur word, sodat hulle nie hoef te wag op hul blad nie.

# FRANKRYK STIG SELLE TEEN ROOIES

**Met die doel om die Kommuniste teen te staan as hulle tot geweld oorgaan, word in Frankryk tans 54 „republikeinse veiligheidsafdelings" gestig om die polisie by te staan in verband met moontlike nywerheidsonluste. Die veiligheidsafdelings sal gebruik word om verbindings, lughawens en grense te bewaak, berig Sapa-Reuter.**

# Britse Boikot Bly Nog Staan

Die Unie-regering het nog niks van die Britse regering gehoor in verband met sy bevel dat die Britse kolonies in Afrika nie goedere uit Suid-Afrika mag invoer nie, na mnr. J. W. Mushet, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, verlede week in Kaapstad verklaar het.

Tot dusver het daar geen noemenswaardige verbetering ten opsigte van die verbod ingetree nie.